Geestelike Uitdagings wat die Bruid van Christus in die Moderne Wêreld Konfronteer

Johan Malan, Mosselbaai (Augustus 2015)
Aanlyn gepubliseer in www.bibleguidance.co.za

Vier boodskappe oor sake wat 'n regstreekse invloed het op voorbereidings wat die bruid van Christus moet tref om gereed te wees vir die skielike koms van Jesus Christus as die hemelse Bruidegom

Voorwoord 2
1. Wie is Jesus en Hoe Goed ken ons Hom? 3
2. Die Grys Gebied van Misleiding tussen Twee Koninkryke 8
3. Tipologie van Abraham en sy Gesin 13
4. Die Noodsaaklikheid van Volkome Heiligmaking 18
Epiloog 24

Voorwoord

Hierdie kort reeks van vier boodskappe is gerig op die belangrikste uitdagings wat in ’n moderne wêreld aan die bruid van Christus gestel word oor geestelike toewyding en gereedheid vir die koms van die Bruidegom. Baie Christene leef in hoogs ontwikkelde samelewings waarin verskeie van die tydlose beginsels in die Bybel bevraagteken word omdat dit óf as outyds en uitgedien beskou word, óf omdat dit verskeie van die moderne mens se vryhede beperk. Bybelkritiek is besig om al hoe wyer afmetings aan te neem, en dit het in baie kringe al daartoe gelei dat daar weinig Bybelse leerstellings oor is wat onveranderd behoue gebly het. Weens die toenemende beweging weg van Bybelse waarhede af, rus daar ’n groot verantwoordelikheid op evangeliese Christene om aan die spits te staan van ’n beweging terug na die Bybel.

In die eerste boodskap word spesifiek gekyk na mense se uiteenlopende beskouings oor Jesus, oor sy Goddelike attribute, oor sy werke en oor sy prediking. Heersende idees oor die Here Jesus vertoon ernstige afwykings van die Bybelse Christologie – tot só ’n mate dat daar met reg beweer kan word dat daar in baie kerke en Christelike groepe ’n ander Jesus as die Jesus van die Skrifte verkondig word. Terme soos die “historiese Jesus” word dikwels vir die onbybelse Jesus van moderne tye gebruik. Die gevaar wat hieraan verbonde is, is enersyds dat daar ’n Jesus aangehang word wat nie sondaars se siele kan red nie en derhalwe nie die hemelse Bruidegom kan wees nie. Andersyds is só ’n Jesus ’n wegbereider vir die wêreldwye aanvaarding van die Antichris wat die “alternatiewe bruidegom” van die nie-Christelike gelowe sal wees.

In die tweede boodskap word ’n kort oorsig oor die grys gebied van geestelike misleiding aangebied. Daar is beslis in Christelike kerke en groepe ’n groot gebied wat deur medewerkers van Satan se koninkryk binnegedring is met vervalste boodskappe wat soms baie naby aan die waarheid voorkom. Daar is ’n wesenlike gevaar dat mense wat nie ’n goeie kennis van die Bybel het nie, hierdeur mislei kan word. Die “ander Jesusse” van 2 Korinthiërs 11:4 floreer in die valse skemerlig van die grys gebied, en sommige van hulle geniet ’n baie groot aanhang. Soos wat die stryd tussen die koninkryke van die lig en die duisternis in intensiteit toeneem, dring die grys gebied van misleiding al hoe dieper in tradisioneel Christelike samelewings in. ’n Groot mate van geestelike onderskeidingsvermoë is nodig om afdraaipaaie te vermy en op die regte pad te bly.

In die derde boodskap word die relevansie van Ou-Testamentiese studies beklemtoon deur daarop te wys hoedat tipes en profesieë van die Ou Testament in die Nuwe Testament vervul word. In hierdie boodskap word daarop gewys hoedat die gesin van Abraham tipologies heenwys na die gesin van God in die Nuwe Testament. Die vyf persone, of groepe persone in hierdie gesin, is die Vader, die Seun, die Heilige Gees, Israel en die Kerk. Daar word op die noue band tussen al hierdie persone gewys, met beklemtoning van die feit dat hulle optrede en boodskap die enigste hoop vir ’n sterwende en verloregaande wêreld is. Isak se huwelik met Rebekka werp profetiese lig op die huwelik tussen die hemelse Bruidegom en sy bruid.

In die vierde boodskap word die belofte en uitdaging van volkome heiligmaking bespreek en verder verduidelik (vgl. 1 Thess. 5:23-24). Menslike kennis en prestasie het sodanig toegeneem in die laaste eeu dat selfs baie Christene meen dat hulle nie meer die krag en leiding van die Heilige Gees nodig het om ’n sukses van hulle lewe te maak nie. Die gevolg hiervan is ’n vleeslike Christendom wat alles met die verstand probeer uitredeneer, en geestelike krisisse deur middel van sielkundige berading hanteer. Die noodwendige gevolg hiervan is dat verskeie Bybelse stellinge en gebeurtenisse wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie, óf vergeestelik óf verwerp word. Die Here wys egter aan ons dat daar geen menslike plaasvervanger is vir ’n lewe onder die volle beheer van sy Heilige Gees nie. Gelowiges wat nie van hierdie seën kan getuig nie, raak geestelik verarm en kan nie op ’n eg Bybelse perspektief van die lewe aanspraak maak nie. Hulle geestelike armoede word uitgebeeld deur die vyf dwase maagde wat nie genoeg van die olie van die Heilige Gees in hulle lampe gehad het nie (Matt. 25:1-13).

Johan Malan

1. Wie is Jesus en Hoe Goed ken ons Hom?

Geestelik gesproke is die mens ŉ onsterflike wese wat tydens sy aardse lewe op net een van twee bestemmings afstuur – die hemel of die hel. Omdat elke mens die wêreldtoneel as ŉ sondaar betree, hoef hy in werklikheid niks te doen om eendag verlore te gaan nie. Van nature is hy geestelik dood en op ŉ pad wat weglei van die Here en sy geregtigheid af. Indien hy egter sy gebrek aan ŉ verhouding met God wil regstel en seker maak dat sy lewenspad na die hemel lei, moet hy van koers verander en deur die nou poort toetree tot die pad van die lewe. Die nou poort is ŉ Persoon, Jesus Christus, en Hy het gesê: "Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word" (Joh. 10:9). Deur geloof in Hom word verlore sondaars gered en gaan hulle uit die dood oor in die lewe (Joh. 5:24). Dit is daarom lewensbelangrik dat elke mens op aarde by die Here Jesus sal uitkom om deur Hom van sonde vergewe te word en ŉ rein hart te kry waarin God se Gees woon.

Ons moet dus die ontstellende werklikheid in die gesig staar dat alle mense op aarde sondaars is: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie ... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:10, 23). ŉ Persoon kan in die sekulêre wêreld so suksesvol en moreel onberispelik wees as wat hy wil, maar hy het nog steeds ŉ verdorwe hart waarin die sonde skuil. Wat hierdie probleem so ernstig maak, is die feit dat die doodstraf (dit is die ewige dood in die hel) oor alle sondaars uitgespreek is: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eseg. 18:4). In die Nuwe Testament word dié oordeel herhaal, maar ook die enigste oplossing teen hierdie straf gegee: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Rom. 6:23).

Weens die ernstige gevolge van sonde het God al in Ou-Testamentiese tye die beginsel gevestig van die plaasvervangende dood van ŉ onskuldige in die plek van die skuldiges. Onskuldige offerdiere is aan God geoffer sodat versoening vir die sondes van skuldige mense gedoen kon word. Volgens Hebreërs 10:4 kan die bloed van offerdiere egter onmoontlik die sonde wegneem, daarom was dit alles net voorlopige, skaduagtige offers wat vervul en bekragtig moes word deur die eenmalige offer van die Lam van God aan die kruis.

Dit is die rede waarom Israel in die Ou Testament talle beloftes oor die koms van die Messias gekry het, want Hy sou al die tipologiese offers deur sy eenmalige offer vervul en beëindig. Die Messias was bestem om twee rolle te vervul, naamlik dié van Verlosser (Matt. 1:21) en dié van Koning op die troon van Dawid (Luk. 1:32). In sekere profesieë word sy rol as triomferende Koning beklemtoon en in ander weer sy rol as nederige dienskneg wat sy lewe vir die redding van sondaars sou aflê. Jesaja verwys na die magtige Messias wat vir Israel vrede sal bring: "Want ŉ Kind is vir ons gebore, ŉ Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk" (Jes. 9:5-6).

Op ander plekke het Jesaja weer die aandag gevestig op die koms van die Messias in die gedaante van ŉ nederige dienskneg wat die doodstraf vir sy volk se sondes sou uitdien: "Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat. ... Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra. ... Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom" (Jes. 53:2-6).

Hierdie beeld van die Messias was egter vir die meeste Jode onaanvaarbaar. Hulle het gewag vir ŉ magtige, regerende Messias wat die troon van Dawid sou herstel en Israel van die juk van Romeinse oorheersing sou bevry. Dit was die rede waarom so min van hulle vir Jesus as die

beloofde Messias erken het, en waarom selfs sy eie dissipels ook oningelig was oor sy ware identiteit as God en Seun van God. Jesus het hulle hieroor uitgevra: “Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is” (Matt. 16:13-17).

Net Petrus het onomwonde verklaar dat Jesus die Seun van God en beloofde Messias van Israel is, want die Vader het dit deur sy Heilige Gees aan Hom geopenbaar. Ten spyte hiervan het Petrus, wat in daardie stadium nog nie met die Heilige Gees vervul was nie, geen begrip vir Jesus se rol as die lydende Messias gehad nie. Johannes die Doper het toe egter al in die openbaar na Jesus se rol as God se Offerlam verwys: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Petrus en die ander dissipels het dit nie ter harte geneem nie en Jesus teëgestaan toe Hy na hierdie belangrike aspek van sy koms na die aarde verwys het. Hierdie onkunde het aan die lig gekom kort nadat Petrus met oortuiging verklaar het dat Jesus die Christus en Seun van God is:

“Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word. Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense” (Matt. 16:21-23).

Wat ’n skokkende situasie! ’n Dissipel wat pas ’n groot waarheid oor Jesus se Messiasskap verklaar het, was nog steeds onkundig oor die kardinale aspekte van Jesus se rol as die Lam van God wat sy lewe moes aflê vir sondaars. Die duiwel het hierdie onkunde uitgebuit en Petrus aangehits om homself lynreg teen Jesus se kruisdood uit te spreek. “Mag God dit verhoed,” het hy gesê. Die Here Jesus het dadelik geweet waar hierdie valse idee vandaan kom, en die duiwel bestraf wat deur Petrus gepraat het.

Hoewel Petrus met oortuiging gesê het dat Jesus die Messias is, het hy daarna vir Jesus met betrekking tot die belangrikste aspek van sy koms na die aarde verloën. Hierdie gebrek aan insig sou spoedig tot nog groter probleme van die ontkenning van die waarheid en die ondermyning van sy eie geloof lei. Toe Petrus weens sy dwaling deur die Here bestraf is, het hy omgedraai en besluit om by Jesus te staan, al word Hy ook gekruisig. Jesus het geweet dat hy steeds nie uit ’n diep geestelike oortuiging gepraat het nie, en het Petrus gewaarsku dat sy misleidende selfvertroue op ’n ramp afstuur: “Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën. Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê” (Matt. 26:34-35).

Petrus het inderdaad in daardie nag vir Jesus drie keer onbetwisbaar verloën. Hy het gesê: “Ek ken die man nie” (Matt. 26:72). Toe die haan gekraai het, het hy sy groot sonde besef en buitentoe gegaan en bitterlik geween. Petrus is vergewe en op Pinksterdag 50 dae later is hy met die Heilige Gees vervul en het kragtig van die Here Jesus se Messiasskap, kruisdood en reddende genade getuig. Onder sy prediking het drieduisend Jode op daardie dag tot bekering gekom en Jesus as Messias en Verlosser aangeneem.

Die moderne situasie

Ten spyte van die feit dat ons die volle openbaring van Jesus Christus deur sy Woord het, en die Heilige Gees tweeduisend jaar gelede al uitgestort is om van die Here Jesus te getuig en sondaars deur die wedergeboorte met Hom te versoen, word die wêreld nog steeds oorheers deur grootskaalse onkunde oor wie Jesus werklik is. Indien Hy dieselfde vraag oor sy ware

identiteit aan mense in die moderne wêreld sou vra, sou dit ook duidelik wees dat die meeste mense óf skewe sienings huldig óf Hom hoegenaamd nie eers ken nie. Foutiewe antwoorde soos die volgende sou algemeen wees:

- Hy is Isa wat in die Koran beskryf word, die seun van Maria, en hy sal terugkom om die wêreld aan die gesag van Allah en die Koran te onderwerp.
- Hy is net ŉ gewone profeet en sterflike mens wat nie uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar het nie. Hy is nie God of die Seun van God nie.
- Hy het net aan ons ŉ goeie voorbeeld gestel oor hoe om liefdevol en verdraagsaam te wees, die armes te help en die siekes te versorg. Hy is dus net ŉ rolmodel – nie noodwendig ŉ Verlosser nie.
- Sy kruisdood was ŉ politieke daad wat gemik was teen misdadigers. Sy teregstelling het geen heilswaarde vir ons nie.
- Die generiese goedheid van God is genoeg om mense se sonde te vergewe, daarom was dit nie nodig vir sy Seun om aan ŉ kruis te sterf nie. ŉ Liefdevolle God sal in elk geval nie die dood van sy Seun vereis sodat hy sondaars kan vergewe nie.
- Hy mag wel die Seun van God wees, maar Hy het Israel verwerp omdat hulle Hom verwerp het, en nou is die kerk die nuwe Israel (vervangingsteologie). Hy sal nie terugkom om die troon van Dawid op te rig en ŉ vrederyk op aarde in te stel nie.

Hierdie lys gaan aan en aan. Verskeie teoloë hou hulle vir etlike jare al besig met die konstruksie van die sogenaamde “historiese Jesus” in wie al hierdie valse Jesusse verpersoonlik word. Hulle noem die Bybelse Jesus die “kultiese Jesus” wat uit mense se bygeloof gebore is. Volgens hulle het die Bybelskrywers begeer om, soos die heidene, ŉ God te hê om te aanbid – daarom het hulle Jesus glo subjektief en in stryd met sy eie uitsprake tot God verklaar.

Die historiese Jesus is egter die produk van humanistiese rasionalisering, daarom word daar in terme van menslike logika kritiese vrae gevra oor sy herkoms, identiteit, wonderwerke, opstanding en hemelvaart. Volgens die wetenskaplike wêreldbeeld is dit onmoontlik om maagdelik gebore te word, die natuur te beheer, dooies op te wek, self uit die dood op te staan en ook na die hemel op te vaar. Die historiese Jesus is vir die sogenaamde postmoderne teoloë dus niks meer as ŉ feilbare en sterflike mens nie, daarom verwerp hulle sy Bybelse openbaring geheel en al. Uit ŉ Bybelse oogpunt is hulle agnostici. Die valse Jesus wat op hierdie wyse opgetower word, gaan egter nog baie groot probleme skep vir die vrydenkers en hulle aanhangers, want Satan gaan dié bedrieglike beskouing gebruik om aan die wêreld ŉ valse christus te stuur wat uit die aarde opkom. Hy sal multigodsdienstig wees en ook die ware God en sy Seun verloën (Op. 13:1-8).

Ons is egter deur Jesus self gewaarsku dat daar baie vervalsings van Hom aan die mensdom gebied sal word: “En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matt. 24:4-5). Verskeie valse christusse sal na vore kom, en hulle sal almal voorlopers wees van die finale valse christus, die Antichris. Hulle aanhangers kan glad nie vir die wederkoms van die ware Jesus gereed wees nie, want hulle verwag ŉ intergeloofsmessias wat iewers op aarde sal verskyn om ŉ wêreldwye broederskap van alle gelowe in te stel.

Die regte ingesteldheid

Ons moet die oortuiging hê wat Petrus gehad het nadat die Heilige Gees sy verstand ten volle geopen het om die Skrifte te verstaan. Hy het twee sendbriewe aan gelowige Jode geskryf, wat beide deel van die Nuwe Testament uitmaak. Hieruit blyk die vrymakende krag van die gekruisigde Lam van God ten volle: “Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ŉ lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-

19). Hy wys daarop dat ons só met die kruis moet identifiseer dat ons self ook die sondige vlees sal afsterwe. Hy sê dat Jesus “self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe” (1 Pet. 2:24).

Petrus maan gelowiges ook om nie vir die vervolging van evangeliese Christene terug te deins nie: “Maar as julle ook moet ly ter wille van die geregtigheid, salig is julle. En vrees hulle glad nie, en wees nie ontsteld nie” (1 Pet. 3:14). “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Pet. 2:21). In 2 Petrus 2 wy hy ’n hele hoofstuk aan die verderflike invloed van valse leraars.

In die laaste twee verse van sy tweede brief waarsku Petrus teen toenemende dwalings, asook die geestelike verval waartoe dit lei: “Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Pet. 3:17-18).

Daar is net een oplossing teen misleiding, geestelike dwalings en morele verval, en dit is om in die genade en kennis van Christus toe te neem. Dit moet ons groot doel in die lewe wees. Genade en kennis gaan hand aan hand, en die een moet nie ten koste van die ander nagejaag word nie. Kennis op sy eie kan nie van ons beter Christene maak nie, want kennis alleen maak opgeblase. Uitgebreide kennis en indrukwekkende akademiese kwalifikasies kan ’n groot struikelblok wees indien dit nie ook met ’n toename in genade gepaard gaan nie. Sulke mense is daartoe geneig om teologie met hulle verstand te bedryf, sonder dat hulle harte daarin is. Blote kopkennis van hierdie aard het gelei tot die spreekwoord dat skrifgeleerdes en predikers soos wegwyserborde is – hulle wys die weg aan, maar bewandel dit nie self nie.

Dink maar aan die skrifgeleerdes tydens die Here Jesus se aardse bediening. Hulle het geen geestelike insig gehad in die vervulling van Bybelse profesieë oor Christus se eerste koms as die lydende Messias nie. Hulle het gevolglik ook nie die verlossingsleer verstaan nie en was ’n geestelike struikelblok vir hulle eie mense: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie” (Matt. 23:13).

Wanneer kennis en genade egter saam nagejaag word, is dit ’n heel ander saak. Sulke mense neem nie slegs met hulle verstand kennis van Bybelse waarhede nie, maar aanvaar dit ook in die geloof. Sodoende word die kennis van God in ’n geestelike bate omskep en word mense nader aan die Here getrek om sonder voorbehoud aan Hom toegewy te wees. Hulle het ’n heilige ontsag vir die Here en sy Woord, en weerhou hulle daarvan om dit deur middel van allerlei futiele argumente te betwyfel en van sy krag te beroof.

Dit was Paulus se groot lewensdoel om Jesus Christus beter te leer ken en ook deur middel van sy kruis te sterwe vir die wêreld. Hy sê: “Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here ... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word” (Fil. 3:8, 10). Ons moenie Christus net met ons verstand ken nie, maar ook geestelik volkome met sy kruisdood en opstanding identifiseer, dan sal ons nooit ’n slagoffer van een van die baie valse Jesusse word nie. Paulus het gesê hy verkondig Jesus Christus, en Hom as gekruisigde (1 Kor. 2:2). Daar is geen plaasvervanger vir die kruisevangelie nie.

Die Heilige Gees is uitgestort om ons in die hele waarheid omtrent Jesus Christus, sy kruisdood, opstanding, hemelvaart en wederkoms te oortuig. Hy herinner ons deur middel van Bybelstudie aan alles wat die Here Jesus gesê en deur sy apostels gespreek het, sodat ons kan opgroei tot die volwasse man of vrou in Christus. Ons moenie geestelik soos klein kindertjies wees wat soos die golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering nie. Vaste oortuigings in ons verhouding met Christus bied ook aan ons ’n geestelike wapenrusting wat ons beskerm teen al die aanslae van die vyand, sodat ons meer as oorwinnaars kan wees. ’n Lewe

van oorwinning is veral ook ter sake vir die oproep tot gereedheid vir die Here Jesus se skielike koms aan die einde van die kerkbedeling. Ons moet waak en bid sodat ons die eindtydse oordele oor ’n goddelose wêreld kan ontvlug (Luk. 21:36).

Gereedheid vir die Bruidegom

As ons in die ware Jesus van die Skrifte glo, in Hom bly en vrugte dra wat by die bekering pas, sal Hy ons kom haal voordat die donker tyd van die Antichris se skrikbewind oor die aarde aanbreek. Die kerk van Christus is in die posisie van die maagde van Mattheüs 25:1-13 wat hulle lampe gereed gemaak en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. Vyf van hulle was egter dwaas omdat hulle nie voorsiening gemaak het vir die olie van die Heilige Gees nie. In die huidige tyd het baie Christene ook net ’n gedaante van godsaligheid, omdat daar geen aanduiding is van die teenwoordigheid en wederbarende krag van die Heilige Gees in hulle lewens nie (2 Tim. 3:5). As gevolg hiervan kan hulle nie daarop aanspraak maak om gereed te wees vir die koms van die Bruidegom nie.

As ons in die ware Jesus van die Skrif glo, moet ons seker maak dat ons die Here Jesus in al sy hoedanighede ken, want Hy het nie net gekom ons te verlos nie, maar ook om ons te heilig sodat ons in sy voetspore van geregtigheid kan wandel. Paulus sê ons is “in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing” (1 Kor. 1:30). Hoe ken jy die Here Jesus? Hy het nie net gekom om jou van jou sonde en verlore toestand te verlos nie, maar om jou daarna ook met sy Heilige Gees te vervul sodat jy van die mag en oorheersing deur die ongekruisigde vlees verlos kan word.

Wanneer jy van die seën van heiligmaking kan getuig, sal jou verhouding met die Here Jesus nog baie hegter en geestelik meer verrykend wees. Hy sal vir jou wysheid uit God word, want in Hom is alle skatte van wysheid en kennis verborge (Kol. 2:3). Hy is die vleesgeworde Woord, omdat al die Bybelse beloftes oor verlossing en heiligmaking in Hom gestalte aangeneem het en vervul is. As jy Hom só ervaar, sal jy ’n baie groot liefde vir Bybelstudie verkry. Die Heilige Gees sal aan jou verligte oë van die verstand gee om die Bybel te kan verstaan, Hy sal jou aan alles herinner wat die Here Jesus gesê het, en ook die toekomstige dinge (profesieë oor die eindtyd) aan jou verkondig (Joh. 14:26; 15:26; 16:13-14).

Kan jy van hierdie liefde vir die Here en sy Woord getuig, asook die begeerte om die hemelse Bruidegom van aangesig tot aangesig te sien? Indien wel, sal dit ook ’n positiewe invloed op jou persoonlike heiligheid hê. Johannes sê elkeen wat die hoop op Christus se koms het, “reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3). Jaag dit na om rein en afgesonderd van die kwaad te lewe, die Here se wil te ken en dit onder die leiding van sy Heilige Gees te doen.

Die alternatief hiervoor is ’n lewe van mislukking, neerlaag en geestelike onvrugbaarheid. As jy nie van die Here Jesus se verskillende genadewerkinge kan getuig nie, dan bevind jy jouself onder die geledere van die dwase maagde wat nie in die middernaguur van hierdie bedeling geestelik waardig geag sal word om saam met die hemelse Bruidegom te gaan nie. Sy koms sal baie skielik wees, en dan sal dit té laat wees om gou gereed te maak om saam met Hom te vertrek na die bruilof van die Lam. Maak nóú gereed en deel in al die seën van ’n lewe van oorwinning en godsvrug. Dit sal verseker dat jy nie met leë hande voor die regterstoel van Christus te staan sal kom nie.

Die enigste oplossing vir ’n probleem van geestelike veragtering is om in Christus te bly en Hom in al sy volheid te ken. Johannes sê: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28).

2. Die Grys Gebied van Misleiding tussen Twee Koninkryke

Op geestelike gebied word mense oral blootgestel aan invloede wat van twee koninkryke af uitgaan, naamlik die koninkryk van God en die koninkryk van Satan. Alle mense begin hulle lewens aan die verkeerde kant van hierdie spektrum tussen lig en duisternis omdat hulle met ŉ gevalle, sondige natuur gebore word. Wanneer hulle gered word, word hulle uit die duisternis van verlorenheid oorgebring tot in die wonderbare lig van Christus se koninkryk (1 Pet. 2:9). Paulus sê dat God die Vader "ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes" (Kol. 1:13-14).

Nadat ons gered is, hou ons probleme en stryd nie op nie, want die duiwel teiken alle gelowiges en probeer om deur middel van misleiding en versoekings ŉ terugkeer na ons ou, vleeslike lewe van sonde te bewerkstellig, sodat ons weer slawe van sonde kan word. Ons het egter die genade van die Here, die riglyne van sy Woord en die krag van die Heilige Gees om hierdie versoekings te kan teëstaan, die vlees gekruisig te hou en in Christus meer as oorwinnaars te wees. Dit is nietemin ŉ hewige stryd waarby ons betrokke is, en geen Christen kan bekostig om die erns daarvan te onderskat nie. Ons moet die probleem identifiseer vir wat dit is, en dan die volle wapenrusting van God aantrek sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel. Die aanslag is hewig.

Om in hierdie geestelike stryd te kan oorwin, moet ons die vyand goed ken en ten alle tye ŉ duidelike skeidslyn tussen die koninkryk van God en die koninkryk van Satan kan trek. Ons moet presies weet wat toelaatbaar en wat ontoelaatbaar is, sodat ons nie dalk onwetend in die hand van die vyand speel nie. Ons opdrag is om altyd in die lig te wandel en die werke van die duisternis te weerstaan. As ons daarvan getuig dat die ou dinge verbygegaan en alles nuut geword het, dan moet ons besef dat al die sondes van die verlede, saam met al die ander werke van die verdorwe vlees, vir ons buite perke is. Paulus sê: "... en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer" (Ef. 5:11). Die Heilige Gees oortuig ons van alle sonde, sodat ons dit kan bely, laat staan en volkome daarvan verlos word.

In die lig van God se Woord is dit maklik om die twee koninkryke van mekaar te onderskei, want die sondige werke van die vlees is ten volle geopenbaar, sodat ons ŉ duidelike morele lyn tussen reg en verkeerd kan trek. Dit is ŉ onbetwisbare Bybelse feit dat die evangeliese, Christelike geloof die enigste ware geloof is, en dat alle vorms van afgodediens en okkultiese praktyke verbode terrein is vir die kind van die Here. Niemand kom tot die Vader behalwe deur die Seun nie, daarom is alle ander middelaars valse middelaars.

Ten spyte van die duidelike skeidslyn tussen die koninkryke van lig en duisternis, is daar deur die toedoen van die duiwel en sy medewerkers egter ook ŉ grys gebied van misleiding gevestig waarin dit glad nie so ŉ eenvoudige saak is om hierdie twee koninkryke van mekaar te onderskei nie. Deur die eeue heen het valse profete en valse leraars onder die aanstigting van die vader van die leuen, die koninkryk van God binnegedring met die doel om gelowiges te mislei. Deur vermomming, valse aansprake en aangeplakte vroomheid het baie van hulle daarin geslaag om hulself as gesante van God voor te doen, en groot aansien en selfs leierskapsposisies te verkry sodat hulle gelowiges makliker kan mislei om die Woord van God te verdraai.

Die misleiers wandel nie in die lig van die Woord nie, verkondig nie die Drie-enige God nie en word nie deur die Gees van waarheid gelei nie. Hulle versprei ŉ valse lig en verkondig ŉ valse vrede, ŉ valse verlossingsplan, ŉ valse leer van heiligheid, ŉ valse leer oor die wederkoms, en verdraai en vervals ook talle ander Bybelse beloftes en leerstellings. Hierdie valse leraars doen verwoestingswerk in mense se lewens, omdat hulle Christelike kerke binnedring, waar hulle geloofwaardigheid onder oningeligte mense verkry en aan hulle ŉ maklike maar misleidende uitweg uit hulle probleme bied. Om hulle te kan ontmasker en weerstaan, moet ons in die dieper waarhede van die Woord onderrig word, sodat ons geestesvermoëns kan ontwikkel om goed

van kwaad te kan onderskei (Heb. 5:14). Die volgende kenmerke van die hoogs gevaarlike grys gebied van geestelike misleiding word in die Bybel genoem:

Vermomming

Valse leraars openbaar nie hulle werklike geestelike ingesteldheid nie, maar gee voor dat hulle namens die Vader en die Here Jesus praat, en yweraars vir die Christelike geloof is. Wat sê die Bybel van hulle? "... sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Kor. 11:13-15).

Sulke mense doen hulleself voor as groot gelowiges en kampvegters vir die geregtigheid van God se koninkryk, maar hulle is in werklikheid agente van die duiwel. 'n Algemene kenmerk van hulle is dat hulle die leer oor Jesus se Godheid weerstaan en ook die heilswaarde van die kruisevangelie negeer. Die meeste van die godsdiensleiers tydens Jesus se aardse bediening was in hierdie kategorie, daarom het hulle Hom en sy evangelie weerstaan. Hy het hulle egter ontmasker vir wat hulle werklik was: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. ... Hy [is] 'n leuenaar en die vader daarvan" (Joh. 8:44). Die misleide priesters en skrifgeleerdes het dit heftig ontken omdat hulle hulself as verbondskinders van die God van Abraham beskou het. Geestelik was hulle egter ver verwyderd van dié posisie.

Jesus het sy dissipels dikwels teen die valse profete gewaarsku: "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken" (Matt. 7:15-16). Hulle vermomming is duidelik: hulle doen hulleself voor as onskuldige lede van die kudde van Christus wat namens Hom praat, maar in werklikheid is hulle medewerkers van die vyand wat gekom het om valse leerstellings te verkondig.

Valse engele van die lig

Sommige van die valse profete doen hulleself as engele van God voor, en daar is selfs van hulle wat beweer dat hulle tydens visioene of drome in die hemel was en 'n boodskap van Christus vir sy gemeente ontvang het. Dié "profete" kan egter maklik in die lig van hulle prediking geïdentifiseer word, want die Bybel openbaar hulle dwalings (1Joh. 4:1). As hulle boodskap in stryd is met die kruisevangelie, moet dit summier verwerp word. In die vroeë Christelike kerk was daar sulke misleiers in Galásië. Hulle het beweer dat die genade van Christus nie genoeg was vir redding en heiligmaking nie, maar dat dit ook deur die onderhouding van Moses se Ou-Testamentiese wette aangevul moes word.

Paulus het baie sterk standpunt ingeneem teen hierdie misleiers wat hulleself as engele of apostels van God voorgedoen het: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal. 1:6-8). Mense bring 'n vloek van geestelike verduistering oor hulleself wanneer hulle die misleiding van valse profete onnadenkend aanvaar en dienooreenkomstig optree.

Paulus het sy skok en teleurstelling teenoor die Galásiërs uitgespreek omdat hulle so naïef kon optree deur die kruisboodskap te verloën: "o, Onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? ... Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. ... Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal. 3:1-3; 5:2, 4).

Dit is die groot doel van valse profete en valse leraars – om in stryd met die evangelie op te tree en gelowiges van die Here Jesus te vervreem. Hulle doen dit egter op só 'n oorredende manier dat hulle slagoffers sterk daarvan oortuig is dat hulle volgens die wil van God optree.

Verkondigers van fabels

Die grys gebied van valse prediking word gekenmerk deur die verkondiging van godsdienstige fabels. Dit is teologiese verdigsels wat in die plek van die waarheid aangebied word, op só 'n manier dat dit vir opportunistiese en oningeligte kerkgangers baie aanvaarbaar is. Die nuwe idees val soet op die oor omdat die standaard vir Christenskap verlaag word tot op 'n punt waar wedergeboorte en heiligmaking nie meer nodig is nie. Voorbeelde hiervan is die Katolieke leer van doopsaligheid en die Calvinistiese uitverkiesingsleer. In albei gevalle word ewige saligheid aan 'n persoon toegereken sonder dat sy lewe aan hoë morele standaarde hoef te voldoen. Enige prediking wat hoë standaarde van toewyding en heiligheid vereis, word nie verdra nie en sterk teëgestaan. Paulus het vir Timótheüs oor hierdie valse leer ingelig en gesê:

"Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" (2 Tim. 4:3-4). Hierdie populêre predikers agter wie permissiewe, wêreldgesinde en gemaksugtige gelowiges hulleself skaar, is erkende Christelike predikers wat groot aanhang geniet. Soms kom hulle van buite af, maar word dan deur verskeie kerke aangehang wat aanklank by hulle idees vind. Diegene onder hulle wat baie populêr is, staan dikwels aan die spits van 'n ekumeniese beweging om kerke te probeer verenig.

In baie gevalle kom die dwaalleraars egter nie van buite nie, maar is die produk van geestelike verval binne-in hulle eie kerke en kweekskole. Hulle tree dus na vore vanuit die binnekring. Paulus het teen een só 'n geval gewaarsku toe hy die gemeente in Éfese toegespreek het: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan" (Hand. 20:29-30).

Die Here Jesus het hierdie selfde gemeente van Éfese 'n paar dekades later in die boek Openbaring daarop gewys dat hulle sodanig in 'n lewelose, menslik gedefinieerde vormgodsdiens verval het dat hulle geen verhouding meer met Hom as Verlosser gehad het nie: "Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (Op. 2:4-5). Hulle het nie op hierdie vermaning teen misleiding ag geslaan nie en later inderdaad hulle kandelaar (die lig van die ware evangelie) verloor en mettertyd totaal in geestelike duisternis verval. Hulle was nog steeds lief vir die kerk en het 'n aktiewe rol daarin gespeel, maar die liefde vir Christus het in hulle harte ontbreek. Dit was die gevolg van langdurige blootstelling aan die prediking van valse leraars.

Verskerpte veldtog teen Christus en sy evangelie

Die duiwel en sy span valse leraars voer 'n verbete veldtog teen die Here Jesus self om sy Godheid te loën, sy reddende genade in bandeloosheid te verander en sy Gees van genade te vervals. Paulus het ook 'n ander gemeente teen betrokkenheid by Satan se grys gebied van geestelike misleiding gewaarsku: "... ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Kor. 11:3-4).

Wanneer Jesus verloën word deur sy Goddelike attribute te ontken en van hom 'n "ander Jesus" te maak, bv. die fabel van die "historiese Jesus" wat deur afvallige teoloë bedink is, dan word die

Bybelse Jesus én sy hemelse Vader verloën. Johannes sê: “Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? ... Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie” (1 Joh. 2:22-23).

Petrus sluit ook by hierdie waarskuwing aan, en beskryf die vervalsing van die Bybelse Christologie as kettery wat heimlik ingevoer word om die lig van die evangelie te vervals. Hy sê: “Daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en ’n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Pet. 2:1-2). Die vervalste, lae standaarde wat deur dié leraars verkondig word, sal baie gewild wees en onder andere daartoe lei dat evangeliese Christene wat die Bybelse standaard van redding en heiligmaking eerbiedig, as bespotlik, outyds en uitgedien beskryf sal word. Hulle geestelike oortuigings en morele norme sal as ’n irrelevante lewenstyl verwerp word omdat dit menslike vryhede aan bande lê.

Aanslag op die Bybel

Die Here maak duidelike uitsprake oor die outentieke karakter van sy woorde wat onder die leiding van die Heilige Gees in die Bybel opgeteken is. Niks mag hierby gevoeg en niks hiervan weggelaat word nie (Deut. 12:32). As ons die Bybel in ere hou en daarvolgens handel, sal dit met ons goed gaan en die Here sal ons in sy diens kan gebruik: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:16-17).

In die grys gebied van geestelike misleiding word die Bybel as geïnspireerde, foutlose en algenoegsame Woord van God egter sterk in twyfel getrek. Enersyds is daar ’n groep selfaangestelde profete wat by die Bybel byvoeg na aanleiding van buite-Bybelse openbarings van God se wil deur middel van drome, visioene, hoorbare stemme wat met hulle praat, en selfs deur beweerde besoeke aan die hemel tydens ekstatiese ervarings. Hulle verkondig dan hulle valse, onverifieerbare boodskappe. Andersyds is daar ’n groeiende aantal afvallige teoloë en leraars wat dele uit die Bybel wegneem deur middel van vergeesteliking, allegorisering, of bloot deur die ontkenning daarvan. Die Here waarsku beide hierdie groepe baie ernstig:

“Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is” (Op. 22:18-19).

Die ontkenning van Bybelse uitsprake word gewoonlik gedoen omdat sekere beskrywings as wetenskaplik onmoontlik beskou word (bv. ’n maagdelike geboorte), of omdat die oorsprong daarvan na die invloed van primitiewe mitologie herlei word, of omdat die betrokke sienings en gebruike as histories uitgedien beskou word. Die ontkenning van alle kernwaarhede in die Bybel het aanleiding gegee tot die ontstaan van ’n sogenaamde teologie van ontkenning. Voorbeelde van leerstellings wat ontken word, is die skeppingsverhaal, die sondeval, die sondvloed, die maagdelike geboorte, Godheid, opstanding en hemelvaart van Christus, die herstel van Israel, die opkoms van ’n persoonlike Antichris wat in die eindtyd tydens die sewe jaar lange verdrukking as ’n wêreldleier, ’n wêreldmessias en selfverklaarde God sal optree, die wegraping van gelowiges, die wederkoms van Christus en die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem, vanwaar Christus in die duisendjarige vrederyk sal regeer.

Ons staan op die drumpel van die vervulling van belangrike eindtydse profesieë, en dit is opvallend hoedat ontkenningsteoloë met alle ywer voortgaan om teen die letterlike vervulling van profesieë wal te gooi. Hulle verarm nie net lidmate wat in hulle invloedsfeer is geestelik deur hulle van die sekerheid van redding te beroof nie, maar vervreem hulle van die salige hoop van

die wegraping (Tit. 2:13), en skep ’n valse gerustheid by hulle deur die eindtydse oordele van die groot verdrukking heeltemal te ontken. Dit is ’n baie ou benadering onder valse profete. Jeremia sê: “Hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jer. 6:14). Hulle volg die maklike en sosiaal aanvaarbare uitweg deur profetiese waarskuwings in die Bybel te ontken.

Tekens en wonders

Valse profete wend hulle dikwels tot ’n skouspel van uiterlike tekens en vreemde ervarings om geloofwaardigheid aan hulle misleidende leerstellings te gee. Hieronder is verskynsels soos val in die gees, dramatiese bewerings van genesings en selfs die opwekking van dooies. Dit word alles in die Naam van Jesus gedoen, dikwels met sterk beklemtonings soos “in the mighty Name of Jesus!” maar dit gaan nogtans met die werking van ’n vreemde gees gepaard. Hierdie profete tree in die misleidende skemerlig van ’n “ander Jesus” op en lei nie hulle gehore na ’n ontmoeting met die ware Jesus nie. Hulle kan dit nie doen nie, want hulle ken Hom nie persoonlik nie en gebruik net sy Naam om ingang by die misleides te verkry. Baie van die valse profete en hulle slagoffers is onbekeerlik en sal met hulle selfmisleiding voortgaan totdat hulle eendag voor die groot wit troon deur die Here Jesus as Regter verwerp en veroordeel sal word: “Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!” (Matt. 7:22-23).

Eindtydse veldtog van valse profete

Daar is ’n baie belangrike vraag wat oor valse profete en hulle misleiding gevra moet word, naamlik: Wat is die duiwel se einddoel met die bemagtiging en gebruikmaking van valse profete, en hoe ver het hy reeds met die bereiking van sy doelstelling gevorder? Die Here Jesus openbaar self die duiwel se planne wanneer Hy sy dissipels se vrae oor die eindtyd beantwoord: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. ... En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Matt. 24:4-5, 11). Soms is hierdie misleiding so subtiel en oortuigend dat selfs ernstige Christene verward raak en hulleself daarvoor oopstel: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.” (Matt. 24:24). Waak hierteen: “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Joh. 4:1).

Daar gaan inderdaad groot groepe mense wees wat ’n valse Jesus, of Antichris, in die plek van die ware Jesus sal aanvaar. Dit sluit selfs die uitverkore volk Israel in, daarom het Jesus vir hulle gesê: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43). Hierdie ernstige oordeelsfout van die aanvaarding van die valse messias sal egter nie slegs beperk wees tot die meerderheid in Israel nie, maar sal wêreldwyd onder alle gelowe voorkom. Hulle sal almal ’n gemeenskaplike valse messias aanvaar en aanbid: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk?” (Op. 13:3-4).

Die sinistere einddoel met geestelike misleiding is dat ’n valse christus tydens die verdrukking beheer oor die hele misleide wêreld sal verkry. Die misleides sal die geestelik onrein bruid van die Antichris wees (Op. 17:3-5). Hierdie huwelik sal egter kortstondig wees, want wanneer die Antichris homself tot God verklaar in die herboude tempel in Jerusalem (2 Thess. 2:4), sal almal wat weier om hom in hierdie hoedanigheid te aanbid, tereggestel word (Op. 13:15; 17:16).

Watter onuitspreeklike voorreg het die bruid van die ware Christus nie om vir sy koms gereed te maak en na haar hemelse woning weggevoer te word (Joh. 14:2-3; 1 Thess. 4:16-17)! Om in ’n rein kleed voor Hóm te kan verskyn, moet sy nougeset teen die besoedeling van misleiding waak, en “kragtig stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Jud. 1:3).

3. Tipologie van Abraham en sy Gesin

Dit is opvallend dat daar so ’n groot gedeelte van Génesis gewy word aan ’n beskrywing van Abraham en sy gesin. Wat maak hulle so belangrik vir ons? Dit is ’n baie besondere gesin hierdie, wat tipologies heenwys na die gesin van God, daarom kan gelowiges uit Israel én die nasies met hulle identifiseer en baie uit hulle ervarings leer. Die vyf sleutelpersone in hierdie uitgebreide familiekring stel almal ’n persoon of ’n groep persone voor wat deel is van God se gesin: Abraham is ’n tipe van die Vader, sy vrou Sara ’n tipe van die volk Israel, sy seun Isak is ’n tipe van Jesus as die Seun van God, Isak se vrou, Rebekka, stel die bruid (of kerk) van Christus voor, terwyl Abraham se dienskneg, Eliëser, na die Persoon en rol van die Heilige Gees verwys. In God se gesin is daar dus die Vader, die Seun, die Heilige Gees, Israel en die kerk. Kom ons kyk in meer besonderhede na hierdie tipologie:

Abraham is ’n tipe van die Vader. Hy is nie alleen die stamvader van die volk Israel nie, maar hy word ook in die Nuwe Testament die vader van alle gelowiges genoem. Paulus sê: “Abraham [het] in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke van die aarde geseën word” (Gal. 3:6-8). Jesus was ’n afstammeling van Abraham, en deur Hom het die seën van verlossing deur die geloof na alle nasies gekom.

Ons is net kinders van Abraham in dié sin dat God ’n belofte aan hom gemaak het dat hy ’n seën vir alle nasies sou wees, omdat daar uit sy nageslag ’n Verlosser gebore sou word wat terselfdertyd die Seun van Abraham én die Seun van God genoem sou word. In die heel eerste vers van die Nuwe Testament staan daar: “Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham.” In die lig hiervan sê Paulus: “... sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus. ... Want julle is almal kinders van God deur geloof in Christus Jesus” (Gal. 3:14, 26).

Sara is ’n tipe van die volk Israel. Haar huwelik met Abraham versinnebeeld die geestelike huwelik tussen die hemelse Vader en die volk Israel, en uit hierdie huwelik sou Jesus, God se Seun na die vlees, gebore word. Sara was egter onvrugbaar, en dit dui op Israel se jare lange geestelike onvrugbaarheid in Ou-Testamentiese tye. Dit was nie ’n permanente toedrag van sake nie, en die Here het beter tye vir hierdie onvrugbare vrou voorspel:

“Jubel, onvrugbare wat nie gebaar het nie. ... Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam. ... Want soos ’n verlate vrou en ’n bedroefde van gees het die HERE jou geroep, soos ’n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou God. Vir ’n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader” (Jes. 54:1, 5-7). Jeremia brei verder uit oor God se toekomstige ontferminge oor sy vrou, Israel:

“In dié tyd, spreek die HERE, sal Ek vir al die geslagte van Israel ’n God wees, en hulle sal vir My ’n volk wees. ... Ja, Ek het jou liefgehad met ’n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! ... Want so sê die HERE: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o HERE, verlos u volk, die oorblyfsel van Israel!” (Jer. 31:1-7).

Ons lees ook in Openbaring 12 van hierdie vrou, Israel, in die kritieke tyd net voordat die Verlosser en Koning van die wêreld uit haar gebore sou word. Sy word voorgestel met ’n kroon op haar kop waarin 12 sterre is, verwysend na die 12 stamme van Israel. Satan het voor haar gestaan en wou haar kind vernietig. Hy het in Herodes ’n handige bondgenoot gevind om dit te probeer doen: “En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het ’n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ’n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon” (Op. 12:4-5). Die wegvoering van die Kind verwys na die hemelvaart van Christus. Die afstammelinge van hierdie

vrou, Israel, sal almal met die Messias versoen word wanneer Hy weer kom! (Rom. 11:26). Dit beteken dat Israel se gebroke verhouding met die Vader en sy Seun volkome herstel sal word. In die toekomstige vrederyk wanneer Israel ook geestelik herstel sal wees, sal sy baie naby aan die Here leef: “En in dié dag, spreek die HERE, sal jy My noem: My man” (Hos. 2:15).

Isak is die seun van die belofte, wat deur ’n ingryping van God gebore is lank nadat Sara menslik gesproke te oud was om kinders te kry. Hy was ’n vroeë tipe van God se eniggebore seun, Jesus, wat deur ’n ingryping van God uit ’n maagd gebore is. Die Here het Abraham se geloof en toewyding getoets toe Hy hom gevra het om sy enigste seun wat hy liefhet, as ’n offer op die berg Moría te bring: “Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as ’n brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys” (Gen. 22:2). Abraham was gehoorsaam aan God en het die reis na Moría onderneem: “En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het hulle twee dan saam geloop” (Gen. 22:6).

Isak vra toe later vir sy pa: “Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ’n brandoffer? Abraham antwoord: God sal vir Homself die lam vir ’n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop. Nadat hulle op die plek gekom het wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit. Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens ’n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. En Abraham het dié plek genoem: Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word” (Gen. 22:7-14).

Die Here sal voorsien – *Jahweh Jireh*. Op die berg van die Here het Hy ’n ram voorsien om in die plek van Isak te offer. Maar dit was ook net ’n tipe van sy eie Seun wat Hy in die volheid van die tyd sou voorsien as ’n offer vir die sondes van die ganse mensdom. Hy is ook onskuldig geoffer en het self niks gedoen wat die dood verdien nie. Hy het die kruis waaraan hy geoffer sou word, op sy eie skouers gedra, net soos wat Isak die hout vir sý offer op sy skouers gedra het. Deur ’n ingryping van God het Abraham sy seun van die offeraltaar af, en by implikasie uit die dood, terug ontvang: “Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word – want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang” (Heb. 11:17-19).

God het sy eniggebore Seun wat Hy liefhet, gegee as ’n losprys vir ons sonde. Hy was die finale vervulling van al die tipologiese offers wat vantevore op die berg Moría gebring is. Dit sluit die offer van Isak in, die ram wat die Here in sy plek voorsien het, asook die duisende diereoffers wat in Ou-Testamentiese tye in die tempel op die berg van die Here in Jerusalem gebring is. Volgens Hebreërs 10 kan die bloed van bokke en stiere egter nie die sonde wegneem nie, daarom het die Vader vir sy seun ’n liggaam berei sodat Hy as ’n eenmalige offer vir die sondes van die hele wêreld ter slagting gelei kon word. Hy is geslag en het ons vir God met sy bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie (Op. 5:9). Jode wat nie die soenoffer van Jesus aan die kruis aanvaar nie, beroep hulle nou nog op die offer van Isak op die berg Moría, asook op al die tipologiese offers wat daarna in die tempel gebring is. Dit was alles egter net skaduwees van die toekomstige weldade van God deur sy Seun. Op die berg van die Here het Hy ’n Offerlam vir die sonde van die hele wêreld voorsien.

Soos wat Abraham sy seun van die offeraltaar af terug ontvang het, het God ook sy Seun terug ontvang nadat Hy sy lewe aan die kruis wat Hy self gedra het, afgelê het. Die Vader het Hom uit die dood opgewek, na die hemel laat opvaar en aan Hom ’n Naam gegee wat bo elke naam is.

Eliëser. Die dienskneg van Abraham is as ’n volwaardige lid van sy gesin beskou, en het as die oudste manlike lid naas Abraham volle toesig oor al die diensknegte en eiendom gehad. Ons lees in Génesis 15:2: “Toe vra Abram, Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?” Daarna is Isak gebore, en nadat Abraham hom van die offeraltaar af terug ontvang het, het hy sy dienskneg Eliëser uitgestuur om vir Isak ’n vrou te gaan soek – nie onder die heidense volke van Kanaän nie, maar in Abraham se geboorteland in Mesopotámië.

Wanneer Eliëser die boodskap aan die vrou oordra, moes sy ’n vrye wilsbesluit neem oor die versoek om Isak se bruid te word: “Maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy ontslae van hierdie eed aan my” (Gen. 24:8). Indien sy tot die huwelik sou instem, moes Eliëser haar na Isak toe lei. Hy moes haar vergesel, veilig hou en versorg op die lang pad deur die woestyn na waar Isak op hulle gewag het.

Dit is presies wat die Heilige Gees vandag nog doen. Nadat die Here Jesus sy soenoffer gebring het en terug is na sy Vaderhuis, is die Heilige Gees uitgestuur om oral in die wêreld mense te nooi om lede van Christus se bruidsgemeente te word. Wanneer hulle hiertoe instem, vergesel die Heilige Gees hulle verder op die lewenspad en leer hulle meer van die Vader se Seun met wie hulle geestelik in die huwelik gaan tree. Hy rus hulle toe met nodige krag, vrymoedigheid en geestesgawes sodat hulle ook ander mense kan nooi om die uitnodiging na die bruilof van die Lam aan te neem.

Rebekka. Hierdie meisie het ’n uitnodiging ontvang om die vrou van Isak te word, en dit dadelik aanvaar. Sy het haarself ten volle aan die gesant van Abraham bekendgestel, hom uitgenooi om in haar ouerhuis oor te bly, en ook die verlowingsgeskenke van ’n goue ring en goue armbande aanvaar. Sy het Isak met dankbaarheid as haar toekomstige man aanvaar. Ná hierdie belangrike besluit het sy dadelik gewys waar sy staan en ook getuig van die nuwe verhouding in haar lewe. Haar getuienis het daartoe gelei dat haar gesinslede ook hulle huis, harte en lewens vir die welkome gesant oopgestel het:

“Daarna het die dogter geloop en in die huis van haar moeder vertel wat daar gebeur het. En Rebekka het ’n broer gehad met die naam van Laban, en Laban het uitgeloop na die man buite by die fontein. Want toe hy die ring en die armbande aan die hande van sy suster sien en die woorde van sy suster Rebekka hoor, naamlik: So het die man met my gespreek – het hy na die man gegaan, terwyl hy nog daar staan by die kamele by die fontein, en gesê: Kom in, geseënde van die HERE! Waarom staan jy buitekant terwyl ek die huis reggemaak het en ook plek vir die kamele?” (Gen. 24:28-31).

Rebekka se gesin het haar glad nie teëgestaan nie, en haar besluit om Isak se vrou te word volkome eerbiedig. Hulle het vir Eliëser gesê: “Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy ’n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die HERE gespreek het. Toe die dienaar van Abraham hulle woorde hoor, het hy hom voor die HERE neergebuig na die aarde toe. Daarna het die dienaar silwer- en goue goed en klere uitgehaal en dit aan Rebekka gegee; ook aan haar broer en haar moeder het hy kosbare geskenke gegee” (Gen. 24:51-53). Die seën van Abraham het gerus op almal wat sy boodskapper aanvaar het en positief op die uitnodiging na sy seun se bruilof gereageer het. Net so ook rus die seën van die Here op almal wat positief reageer op die Heilige Gees se oortuiging om ’n verhouding met Jesus Christus aan te knoop.

Die volgende oggend het Rebekka voor ’n geloofstoets te staan gekom toe sy moes besluit of sy nog ’n ruk lank in haar ouerhuis (die ou lewe) wou aanbly en of sy dadelik saam met Eliëser op die lang reis na Isak wou vertrek. Haar gesin het aanvanklik gevra dat sy nog ’n ruk lank by hulle moes bly, maar hulle was versigtig om nie in Eliëser se pad te staan nie en het Rebekka toegelaat om self hieroor te besluit: “Toe hulle die môre vroeg opgestaan het, sê hy [Eliëser]: Laat my trek na my heer! Maar haar broer en haar moeder sê: Laat die dogter ’n dag of tien by ons bly; daarna kan jy heengaan. Maar hy antwoord hulle: Moet my nie ophou nie aangesien die

HERE my weg voorspoedig gemaak het; laat my trek, dat ek na my heer kan gaan. Toe sê hulle: Laat ons die dogter roep en haar self vra. En hulle het Rebekka geroep en haar gevra: Wil jy met hierdie man saamgaan? En sy antwoord: Ja. Daarop het hulle Rebekka, hulle suster, en haar oppasser laat trek saam met die dienaar van Abraham en sy manne" (Gen. 24:54-59). Daar was geen huiwering by haar nie.

Rebekka se besluit by die put om die bruid van Isak te word, was die eerste en baie belangrike een. Haar tweede besluit was in verband met 'n volle oorgawe om selfs nie eers haar gesin bo haar verhouding met Isak te stel nie, maar dadelik met die reis en die nuwe lewe te begin waartoe sy haarself verbind het. Haar antwoord was kort en kragtig: "Ja!" Eliëser het haar die hele pad vergesel, oor haar gewaak en haar alles van Abraham en sy seun vertel.

Isak het haar buite in die veld ontmoet net voordat sy haar finale bestemming bereik het: "En Isak het uit die rigting van die put Lagai-Roï gekom; want hy het gaan woon in die Suidland. En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld. En toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom. Rebekka het ook haar oë opgeslaan en Isak gesien. ... En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad" (Gen. 24:62-67).

In die lig van die feit dat Isak so 'n duidelike tipe van die Here Jesus is, is sy bruid Rebekka 'n tipe van die bruid van die Lam. Soos wat die dienskneg van Abraham haar opgesoek het met 'n uitnodiging om die vrou van Isak te word, soek die Here ons ook op deur sy Woord en sy Heilige Gees om ons uit te nooi tot 'n meer verhewe en wonderliker verlowing en huwelik met die Seun van die hemelse Vader. As voorbereiding vir hierdie ontmoeting wil die Heilige Gees ons met die rein kleed van Christus se geregtigheid beklee. Paulus het vir die gemeente in Korinte geskryf: "... ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel" (2 Kor. 11:2). Ons moet ons volle samewerking gee deur met toewyding aan hierdie kleed te werk: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges" (Op. 19:7-8).

Isak het in die aand uitgegaan om sy bruid buite in die veld te ontmoet. Die Here Jesus sal as die hemelse Bruidegom sy bruid buite in die lug ontmoet wanneer die aandskadu's van die kerkbedeling reeds lank uitrek (1 Thess. 4:16-17). Hy sal haar liefhê soos nog altyd sedert hulle eerste ontmoeting deur die bemiddeling van die Heilige Gees, en dan by die bruilof van die Lam vir altyd met haar verenig word.

Liefde het hulle saamgebind

Uit 'n studie van hierdie tipologie is dit duidelik dat liefde die belangrikste kenmerk van die verhoudings in Abraham se gesin was – liefde vir God én vir mekaar. Die liefde vir God was allesoorheersend, daarom het Abraham nie sy enigste seun wat hy liefgehad het, teruggehou toe God hom gevra het om Isak te offer nie. Abraham se geloof in God was onkreukbaar en hy het geglo dat die Here mag het om weer sy seun uit die dood op te wek. Isak het dieselfde geloof en liefde in sy hart gehad, daarom het hy nie teëgestribbel toe hy geoffer moes word nie, maar homself gewillig daaraan onderwerp. Toe Isak daarna 'n vrou gekry het, het hy haar liefgehad met hierdie selfde liefde wat die Here in sy hart uitgestort het. Dit is die geheim waarom die seën van die Here so duidelik op hulle lewens gerus het.

Die vraag wat ons nou moet beantwoord, is: Hoe funksioneer Goddelike liefde as 'n primêre lewensbeginsel in die Nuwe-Testamentiese gesin van God? Dit het duidelik nie verander wat die Drie-enige God betref nie, want God is liefde en sal dit altyd wees. Die Vader, Seun en Heilige Gees is onveranderlik in hulle liefde. God het die verlore mensdom so lief dat Hy sy eniggebore Seun as 'n offer gegee het sodat die straf vir ons sonde betaal en ons siele gered kan word. Sy reddende genade is nog altyd onveranderd werksaam waar sy Woord verkondig word. Wat Israel betref, het ons in Jeremia 31 gelees dat God hulle liefhet met 'n ewige liefde, daarom

begeer Hy steeds dat hulle as ŉ volk na Hom sal terugkeer (Jer. 3:12). God het nie verander nie – Hy is dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid.

Maar wat is die situasie met die ander twee lede van die gesin, naamlik Israel en die kerk? Israel is as volk steeds van God vervreem weens die verwerping van die Messias; daarom is hulle, behalwe vir die minderheid Messiaanse Jode, nie beklee met sy liefde nie. Hierdie situasie gaan egter verander, want die Here verwag dit steeds van sy kerk om in liefde uit te reik na Israel en hulle vir God terug te wen op grond van die versoening van die nuwe verbond. Doen hulle dit? ŉ Messiaanse Jood het by geleentheid gesê daar is so ŉ swak verhouding tussen Israel en die kerk, hy vrees dat die moderne Isak (Jesus Christus) eendag sy vrou en sy ma aan mekaar sal moet voorstel!

Die Here Jesus wil hê dat sy dissipels (die kerk) geestelik moet uitreik na sy moeder (Israel), en het dit selfs beveel toe Hy aan die kruis gehang het: “En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, dáár is u seun! Daarop sê Hy vir die dissipel: Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem” (Joh. 19:26-27). Jesus het met hierdie uitspraak veel meer in gedagte gehad as net die versorging van sy moeder, Maria. Hy dra hier ook sy moeder, Israel, aan die sorg op van sy dissipels in die kerk, m.a.w. aan sy bruid.

Die kerk het beslis ŉ taak om Israel te vertroos, te bemoedig, te versorg, en dié volk ook jaloers te maak oor die manier waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur sy Seun, Jesus Christus, dien (Rom. 11:11-12). Die evangelie moet eerste aan Israel verkondig word en dan aan die hele wêreld (Rom. 1:16). Die Here sê: “... roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is” (Jes. 40:2). Al het hulle tydelik as volk in ongeloof verval, was hulle nog steeds die kanaal waardeur ons die Woord van God ontvang het (Rom. 3:1-3). Ons het ŉ geestelike erfenis ontvang wat eerstens aan hulle gebied is, daarom is ons so baie aan hulle verskuldig.

Paulus bevestig die feit dat die geestelike verharding van Israel nie permanent is nie, maar net gedeeltelik en tydelik: “... en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:25-26). Hier op die berg van die Here in Jerusalem, waar Abraham vierduisend jaar gelede sy seun moes offer, en waar Jesus tweeduisend jaar later wél geoffer is, sal die Here Jesus met sy wederkoms verskyn en die oorblyfsel van Israel almal red. Op daardie dag sal Israel opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom ween (Sag. 12:10).

Die bruid van Christus is egter nie altyd getrou aan haar opdrag om Israel by te staan, te versorg en na die Messias te lei nie. Ons het nie ŉ verskoning hiervoor nie, want in Romeine 5:5 sê Paulus dat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. As ons kan getuig dat ons met die Vader versoen is op grond van die offer van sy Seun, en dat die Heilige Gees sy *agape* liefde in ons harte uitgestort het, dan behoort dit tog vir almal duidelik te wees dat liefde die basiese dryfkrag van ons lewe is. Jesus het vir sy dissipels gesê: “ŉ Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:34-35).

As ons van heiligmaking kan getuig, dan móét Goddelike liefde die belangrikste kenmerk van ons lewens wees, want liefde is die eerste vrug van die Gees. Paulus sê vir die gemeente in Korinte dat hy nie met hulle kon praat soos met geestelike mense wat met die Gees van God vervul is nie, maar soos met vleeslike mense wat nog deur twis, jaloersheid en tweedrag gekenmerk word (1 Kor. 3:1-3). Israel het ŉ duur prys betaal omdat hulle van ŉ liefdevolle God afvallig geraak het. Ongelukkig het baie Nuwe-Testamentiese Christene ook in liefdeloosheid en vleeslikheid verval, en sodoende nagelaat om hulle roeping uit te leef van liefde teenoor God, teenoor mekaar, teenoor Israel én teenoor ŉ verloregaande wêreld waarin miljoene mense nog nie uitgenooi is om volgelinge van Christus en lede van sy bruidsgemeente te word nie.

4. Die Noodsaaklikheid van Volkome Heiligmaking

“En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen” (1 Thess. 5:23-24).

Hierdie is een van verskeie opdragte tot heiligmaking in die Bybel. In die eerste brief van Paulus aan die Thessalonicense het hy dit reeds duidelik gestel toe hy gesê het: “... dit is die wil van God: julle heiligmaking. ... Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 7-8).

In ’n sekere sin kan die wedergeboorte van die mens ook as heiligmaking beskryf word. In Handelinge 15:9 sê Paulus dat die Here die heidene se harte gereinig het deur die geloof. Dit verwys egter na die eerste of inleidende heiligmaking wanneer die bekeerling ’n nuwe hart met ’n nuwe natuur kry. Maar dit is net die begin van sy geestelike lewe en, soos ’n klein kindjie wat gebore is, moet hy nog opgroei tot die volwasse man in Christus (Ef. 4:13). Verdere stappe van toewyding is hiervoor nodig want sy ou, vleeslike natuur moet gekruisig word, en die innerlike heiligmaking wat hy in sy hart ontvang het, moet ook uiterlik in sy hele lewenswandel gedemonstreer en uitgeleef word. Hiervoor het hy die krag nodig van die Heilige Gees, waarsonder die opdrag tot heiligmaking nie ’n werklikheid sal word nie.

Daar is verskillende terme wat in die Bybel vir ’n aantal aspekte van die verdere genadewerk van heiligmaking gebruik word. Hieronder is:

- *Vervulling met die Heilige Gees.* Dit is wanneer ’n persoon wat reeds die Heilige Gees tydens wedergeboorte ontvang het, verder met die Gees vervul word sodat hy oorwinning oor die vlees en oor sonde kan kry (vgl. Ef. 5:18).
- *Hartsreiniging.* Dit gebeur wanneer die Heilige Gees tydens ’n stap van volle oorgawe volkome beheer oor ’n persoon se hart en lewe kry, en hom reinig van alle besoedeling van die gees en die vlees (2 Kor. 7:1).
- *Toerusting met krag uit die hoogte.* Dit is toerusting vir diens en dui op die krag en vrymoedigheid wat kinders van die Here moet kry om vir Hom te kan werk (Luk. 24:49; Hand. 1:8).
- *Die oorwinnende lewe.* Aan Christene word gesê: “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte [dit is die krag wat die Heilige Gees verleen]. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11). Ons moet teen sondes, versoekings en vleeslike begeerlikhede oorwin.
- *Volkome heiligmaking.* Dit dui daarop dat ’n persoon nie net gered en gewederbaar word nie, maar praktiese heiligmaking in sy hele lewenswandel moet ervaar (1 Thess. 5:23).

Die Here stel dit in sy Woord duidelik dat heiligmaking alle aspekte van ons lewe hier op aarde insluit: “Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:15-16). Dit sluit verskillende terreine van ons gees, siel én liggaam in. Dit is dieselfde boodskap wat Paulus ook aan die Romeine gerig het:

“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (Rom. 12:1-2). Hierdie boodskap word aan Christene gerig. Onder die leiding van die Heilige Gees moet hulle gemoed – dit is hulle gees en siel – sodanig vernuwe word dat ook hulle liggame geheilig en in die diens van die Here gestel sal word.

Vir die Thessalonicense word hierdie boodskap in nog groter besonderhede uitgespel: hulle moet nie net tydens wedergeboorte geheilig word nie, maar ook na volkome heiligmaking streef. Dit vereis ’n onberispelike lewenswandel op die terreine van jou gees, jou siel én jou liggaam. Dit is nodig dat ons presies sal weet wat die volle implikasies van hierdie opdrag is.

Heiligmaking van die gees

’n Weergebore persoon is deur die Here lewendgemaak en sy geestelike lewe word gekenmerk deur geloof, hoop en liefde. Hy glo in God deur die Verlosser, Jesus Christus, sy hoop is volkome op die Here ingestel vir hierdie lewe én die ewige lewe, en die *agape* liefde van God is deur die Heilige Gees in sy hart uitgestort. Tydens volkome heiligmaking en vervulling met die Heilige Gees vind daar egter ’n kwalitatiewe verandering in sy geestelike lewe plaas. Sy geloof en hoop word versterk en sy hart word met die liefde van God vervul. Kom ons kyk na die aard van hierdie veranderings.

Soos ander gawes van die Heilige Gees is geloof, hoop en liefde dinamies. Jy kan dus minder of meer daarvan hê – daarom kan dit swakker of sterker funksioneer. Juis hierin is die uitdaging van volkome heiligmaking geleë, sodat elke Christen geestelik sterk kan word in die Here.

Geloof. As ons voel dat ons geloof wankelend is, sal ons getuienis, vertroue en gebedslewe daaronder ly – ’n twyfelaar kan nie regtig in die geloof bid en getuig nie. Die Here Jesus het die dissipels in die tyd voor die uitstorting van die Heilige Gees dikwels kleingelowiges genoem. Die nag op die stormsee het Hy vir hulle gesê: “Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?” (Mark. 4:40). Hulle het hierdie gebrek in hulle geestelike lewe erken en vir die Here Jesus gevra: “Gee ons meer geloof” (Luk. 17:5).

Die duiwel se aanslae is daarop gerig om jou geestelike groeiproses om te keer. Hy wil hê jou geloof moet verswak raak en begin wankel, en hy bereik dié doel deur saadjies van twyfel in jou hart te saai. Dinge gebeur met jou wat jou laat twyfel of die Here nog by en met jou is, of Hy jou nog werklik liefhet en vir jou omgee. Dit is ’n groot sonde om die Here se nabyheid en liefde te bevraagteken, want dan slaan die vyand ’n groot slag in jou lewe om jou geloof te ondermyn en jou uiteindelik in wanhoop te laat verval.

Geloofsverswakking en geloofsverval is ’n baie groot probleem wat veral in die eindtyd ernstige afmetings aanneem. “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). Die Here Jesus vra self die vraag: “... maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” (Luk. 18:8). Hy sal baie godsdiens vind, maar sal Hy by die mensdom ware geloof in Hom vind?

Ons moet by ’n konsekwente proses van heiligmaking en geloofsversterking betrokke wees. Judas sê: “Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar” (Jud. 1:20-21). Hy dra dan sy lesers aan die beskerming en bewaring van God op: “Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig ...” (Jud. 1:24). Om in hierdie seën te kan deel, moet die Heilige Gees volle beheer oor ons lewens hê en nie deur ’n ongekruisigde vlees geblokkeer word nie (vgl. Gal. 5:16-17).

Hoop. Paulus vermaan ons “om vas te hou aan die hoop wat voorlê, [want] ons het dit as ’n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel” (Heb. 6:18-19). Brand die vlam van hoop nog hoog in jou hart? Sien jy uit na die wederkoms van Jesus Christus en na die ewige lewe wat in die hemel vir jou voorlê? Is hierdie hoop ’n anker vir jou siel in die troebel en onstuimige waters waarop jou lewensbootjie vaar?

Wanneer die hoop op die wederkoms van Jesus Christus vervaag, dan vervang die duiwel dit met sekulêre doelwitte soos die versameling van aardse skatte en die opbou van ’n wêreldse koninkryk. Baie mense wil net ryk en voorspoedig wees. Sommige van hulle probeer om ook

hier en nou ’n Christelike koninkryk op aarde te vestig (koninkryk-nou), en verwag nie meer aktief die koms van die hemelse Vredevors en sy ewige koninkryk nie.

Hoop is ’n baie nodige en funksionele aspek van ’n Christen se geestelike lewe. Dit is nie net op die ewige lewe gerig nie, maar ook op die Here se sorg en uitredding elke dag van jou aardse lewe. Veral in krisisse moet ons nie moedeloos word en in depressie verval nie, maar ons hoop en vertroue volkome in die Here stel dat Hy aan ons uitkoms sal gee: “Die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. ... En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!” (Rom. 5:5; 15:13).

Liefde. Die selfopofferende liefde van God moet die grondslag van jou hele lewe word en jy moet daarin gewortel en gegrond wees. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en met al jou kragte. Net so ook moet hierdie *agape* liefde van God wat na ander uitreik, die essensie van jou verhouding met jou medemens word. Dit is eers tydens volkome heiligmaking dat daar aan hierdie standaard voldoen kan word.

Wat gebeur as ons nie met die liefde van God vervul is nie? Dan verswak ons verhouding met die God van die liefde, ons geloof, hoop en gebedslewe ly daaronder, en ons menseverhoudings versleg ook aansienlik. Menslike liefde kan maklik oorgaan in liefdeloosheid, belangeloosheid, onverdraagsaamheid, en selfs in veragting en haat. God se liefde is egter heeltemal anders en in staat om onveranderd te bly en ons deur elke krisis te dra. As jy nie met hierdie liefde vervul is nie, vertrou die Here dan vir die seën van volkome heiligmaking. Die eerste en belangrikste vrug van die Gees is Goddelike liefde.

Heiligmaking van die siel

Die drie aspekte van die mens se siel is sy intellek, wil en emosies. Die stempel van God se heiligheid moet ook hierop afgedruk word.

Die intellek. Deur die mens se verstand, in samewerking met die sintuie van sy oë en ore, neem hy kennis van goed én kwaad. Benewens die waarheid is daar ook ’n groot aantal bose idees wat die mens se verstand van buite af binnedring. Is jou verstand en gedagtes onder die beheer van Jesus Christus en eerbiedig jy Bybelse beginsels in jou denke, of is dit ’n bewaarplek vir leuens, vuil gedagtes, materialistiese begeertes, dwaalleringe en halwe waarhede? Jy sal ook in jou gedagtes moet weerstand bied teen boosheid, sodat elke gedagte gevange geneem kan word tot gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:5).

Die wil. Die mens kan deur sy wil goeie of slegte besluite neem. Christene moet ’n wilsbesluit neem om die Here van harte te dien en in elke opsig aan Hom gehoorsaam te wees. Die Nuwe Testament leer ons om net die wil van die Here te soek en te doen (Rom. 12:2). Bid die Vader om die verborgenheid van sy wil aan jou bekend te maak (Ef. 1:9), en in jou te “werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Fil. 2:13). Jy moet denkend na sy wil soek in die Bybel en die gesonde logika daarvan begryp: “Julle [moet] nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is” (Ef. 5:17). Bid ook dat jy “vervul mag word met die kennis van sy wil” (Kol. 1:9), sodat jy “volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God” (Kol. 4:12).

Maak jy vordering op hierdie terrein, of slaag die duiwel nog daarin om jou “die wil van die vlees en van die sinne” (Ef. 2:3) te laat doen? Moenie by jou neerlae berus en gaan lê nie, maar vra die Here om jou op te rig en “vry te maak van die strik van die duiwel, nadat [jy] deur hom gevang was om sy wil te doen” (2 Tim. 2:26).

Emosies. Baie mense word in die geestelike oorlog waarin ons betrokke is, op emosionele gebied deur die vyand lamgelê en ontmoedig. In omstandighede van spanning en teleurstelling laat hulle toe dat emosionele depressie ontwikkel, waaruit negatiewe gedagtes soos passiwiteit, moedeloosheid, verbittering en selfs algehele belangeloosheid in die lewe voortvloei. Dit lei tot onbetrokkenheid by jou eie lewe én die van andere.

Daar is ook aktiewe negatiewe gevoelens waarmee die duiwel mense aanval, soos vergelding, haat, aggressie, naywer, jaloesie en onvergewensgesindheid. In al hierdie opsigte moet die kwaad deur die goeie oorwin word (Rom. 12:21), want die liefde van Christus en die blydskap en vergewensgesindheid van die Here stel ons daartoe in staat. Selfs ook wanneer negatiewe emosies hulle sterk voordoen, moet ons nie daaraan uiting gee nie, maar deur die krag van die Heilige Gees die nodige selfbeheersing beoefen.

Die Christen se temperament en emosionele lewe moet volkome deur die Heilige Gees beheer en bepaal word, anders voer die onstuimige vleeslike temperament die botoon. In ’n oorgegewe lewe sal jy ontdek dat die blydskap van die Here alle negatiewe ervarings, gewaarwordings en gevoelens kan oorheers. Paulus kon onder die haglikste omstandighede in die tronk met oortuiging sê: “Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby” (Fil. 4:4-5).

Petrus sluit ook hierby aan, en sê dat ons ons met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap in die Here moet verbly (1 Pet. 1:8). Vervul die blydskap en vriendelikheid van die Heilige Gees jou lewe? Of het jy dalk nog ’n ongetemde temperament wat baie maklik deur die sielevyand tot onbeheerste uitbarstings opgesweep kan word?

Heiligmaking van die liggaam

Die mens se liggaam moet ook geheilig en aan die Here diensbaar gestel word. Juis hierom val die duiwel ook ons liggame aan en moet dit teen sy ondermyning beskerm word. Die volgende drie aspekte van die liggaam is in hierdie verband ter sake: die ledemate, sintuie en fisiologie.

Die ledemate is die vermoë van jou liggaam om dinge te doen – goed óf sleg. Jy kan werk, skryf, praat, dink en verskillende dinge met jou liggaam doen. Soos wat jy voor jou bekering sonde met jou liggaam gedoen het, moet jy nou die Here daarmee dien: “Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God” (Rom. 6:12-13). Die duiwel sal jou aktief probeer verlei om sonde met jou liggaam te doen, maar jy moet hom weerstaan en hou by die feit dat jou liggaam nou aan God behoort: “Stel julle liggame as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens” (Rom. 12:1).

Die Here Jesus het ook ’n menslike liggaam nodig gehad om sy rol as die Offerlam van God te kon vervul. Hy het vir sy Vader gesê: “Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ’n liggaam berei” (Heb. 10:5). Ons het ook liggame gekry om vir die Here te kan werk – op watter manier ook al. Deur sy Heilige Gees maak die Here woning in ons liggame, en daarom moet ons geestelik én moreel heilige lewens lei omdat ons tempels van die Heilige Gees is (1 Kor. 3:16-17).

Sintuie. Die vyf sintuie van die liggaam is poorte waardeur ’n groot verskeidenheid invloede op jou kan inwerk – positief én negatief. Die oë is belangrik vir die inneem van inligting in visuele vorm, bv. al die dinge wat jy kan sien en dit wat jy lees. Die gehoor is die deur waardeur inligting deur jou ore tot jou verstand kom. Wanneer die oë en ore saam gebruik word, word inligting oudiovisueel ingeneem. Dink maar aan al die immorele en opruiende video’s waarna mense op die internet kyk terwyl hulle ook na die klankbane luister. Daar is geen perke aan die groot hoeveelheid sondige beelde en gedagtes wat ’n persoon hierdeur in sy gemoed versamel nie. Dit dring deur tot diep in sy onderbewussyn en geheue, en kan sy gedagtes erg besoedel.

Verder het ’n mens ’n smaaksintuig wat in verband staan met dit wat jy eet en drink. ’n Ongedissiplineerde smaaksintuig kan na die oormatige inname van kos en drank lei, en dit kan die liggaam nadelig raak in sy diensbaarheid aan die Here. Die reuksintuig werk in baie opsigte ook saam met die smaaksintuig. Die gevoelsintuig staan met ’n groot verskeidenheid liggaamlike

ervarings van opwinding in verband. Dit is weens hierdie sintuig dat mense oordrewe seksuele gevoelens najaag, rook, alkohol inneem en ook sterk dwelmmiddels gebruik waaraan hulle verslaaf raak. Daar is ook sekere medisynes wat gebruik word om aan mense ekstatiese gevoelens te gee wat hulle help om die werklikheid te probeer ontvlug. Wanneer die betrokke middels uitgewerk is, moet dit weer herhaaldelik ingeneem word omdat die slagoffers geen beheer oor hul lewens het nie.

Dwelmverslawing en ’n besoedelde verstand en gemoed kan glad nie versoen word met ’n heilige lewenswandel nie. Paulus sê vir sulke persone: “Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. Wees nugter op die regte manier, en sondig nie ... Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (1 Kor. 15:33-34; 2 Kor. 7:1).

Fisiologie. Die behoorlike funksionering van die mens se liggaam is ’n baie belangrike bate en ’n groot seën van die Here. Om gesond te wees en die volle potensiaal van jou liggaam te kan benut, is inderdaad ’n voorreg. Christene wat vir die Here werk, moet nougeset oor hulle gesondheid waak. Volg ’n gebalanseerde dieet, moenie skadelike stowwe inneem nie, kry genoeg oefening, moenie jouself op plekke begeef waar aansteeklike siektes jou kan kontamineer nie, en vermy oormatige swaar eise aan jou brose liggaam. Gaan ook gereeld vir mediese toetse. Baie sendelinge het hierdie reëls oortree en ’n duur prys daarvoor betaal. Jou liggaam het ook rus nodig om reg te kan funksioneer. Té veel rus en gemaksug is natuurlik nadelig en moet vermy word.

Tydelike én ewige oorwegings

Volkome heiligmaking is om twee redes baie nodig in enige Christen se lewe. Eerstens is dit om ons geskik te maak en toe te rus om gedurende ons tydelike aardse lewe tot ons maksimum potensiaal te kan funksioneer in die diens van die Here. Deur hierdie seën te verkry, word ons as mense van God volkome gemaak, “vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim. 3:17). Sonder die instaatstellende krag van die Heilige Gees sal ons nooit hierdie vlak van volkome heiligheid en diensbaarheid kan bereik nie.

Tweedens moet ons voorberei word om op ’n waardige wyse voor die hemelse Bruidegom te verskyn wanneer Hy kom. Hy maak dit vir ons moontlik, maar ons moet deur ons gehoorsaamheid en toewyding die opdrag tot heiligmaking volbring: “Christus [het] ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27).

Verlang jy na die wederkoms van Christus en wy jy jouself aan hierdie ideaal toe? Elkeen wat die hoop op Christus se wederkoms het, “reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:3). Die Here Jesus doen die reinigende werk, maar ons moet bereid wees om alles wat tussen ons en Hom is, te bely en te laat staan. Alle negatiewe gevoelens wat uit gemaksug en passiwiteit voortspruit, moet ook aktief weerstaan word. Paulus sê: “Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sal wees nie” (1 Kor. 9:27). Lui mense word nie deur die Here gebruik nie, maar deur ander vervang. Dien die Here met jou hele hart en al jou kragte, dan sal jou lewe nooit tevergeefs of onvrugbaar wees nie, en sal jy ’n Goddelike vrede in jou hart ervaar wat alle verstand te bowe gaan.

Weldra sal die basuin blaas en sal ons die hemelse Bruidegom van aangesig tot aangesig sien. Ons kan met vrymoedigheid na hierdie dag uitsien, want Christus het alles voorsien wat ons vir ons geestelike lewe én ons arbeid in sy diens nodig het. Hy het die weg van verlossing deur sy soendood aan die kruis geskep – ’n smal pad wat van Gólgota af na die hemelpoorte toe lei. Verder het Hy sy onfeilbare Woord aan ons voorsien waarin ons alles oor redding, heiligmaking en verskeie ander opdragte en beloftes kan leer. Hy het nóg verder gegaan en aan elke Christen die Heilige Gees gegee om ons in die hele waarheid te lei sodat ons die Woord reg kan verstaan

en uitleef. Dit is nie al nie: Hy het ons ook deur sy Gees toegerus met krag uit die hoogte om die Woord onder alle omstandighede aan alle mense te kan verkondig – selfs aan vyandige gemeenskappe. Hy verseker ons terselfdertyd van sy onafgebroke teenwoordigheid in ons lewe deur die Heilige Gees: “Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20). Ons het nie net al die geestelike hulpmiddels om ons taak te kan verrig nie, maar ons word ook na gees, siel en liggaam geheilig om oorwinnend te kan leef en ons lig in ’n donker wêreld te laat skyn.

Epiloog

Die voorafgaande vier boodskappe is almal toegespits op aspekte van die eindtydse openbaring van Jesus Christus aan sy gemeente. Die heel eerste van hierdie openbarings sal plaasvind wanneer Hy as die hemelse Bruidegom aan sy gemeente verskyn om met hulle verenig te word. Dit sal gebeur aan die einde van die bedeling van wêreldevangelisasie waarin hulle die opdrag gehad het om sy getuies te wees onder alle nasies. Dit is vanselfsprekend dat 'n gelowige onder moeilike omstandighede en te midde van groot onkunde en vyandige teëspraak teen die waarheid net 'n getuie van Christus kan wees as hy Hom baie goed ken. Christene moet dus seker maak dat hulle deur Bybelstudie onder die leiding van die Heilige Gees 'n goeie kennis het van ons wonderlike Verlosser wat Homself ook as Bruidegom, Regter en Koning gaan openbaar. Daar is verskeie ander hoedanighede waarin ons Hom ook moet leer ken. Wanneer hierdie kennis en geestelike toewyding verroes raak, is daar 'n daadwerklike gevaar dat baie Christene in die geledere van die dwase maagde kan eindig.

Om standpunt vír Jesus Christus in te neem, beteken noodwendig om jou van alle ander gelowe en hulle gode te distansieer. Die Here Jesus het gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur my nie" (Joh. 14:6). Paulus bevestig ook hierdie stelling: "Watter ooreenstemming het Christus met Bélial ['n waardelose afgod], of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? ... Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here" (2 Kor. 6:15-17). Daar is geen regverdiging vir 'n ekumeniese verbintenis en samewerking tussen die Christendom en die nie-Christelike gelowe nie.

Hierbenewens is daar ook al vir baie jare lank 'n terrein van geestelike misleiding binne-in Christelike kerke gevestig. Dit is 'n grys gebied waarin valse leraars voorgee om diensknegte van Christus te wees, maar hulle leer die mense om van verskeie aspekte van die Christelike geloof af weg te beweeg. Die proses van geestelike verval het deur hulle toedoen reeds so ver gevorder dat die alternatiewe koninkryk van die Antichris miljoene sogenaamde "Christene" mislei het om van die ware Jesus afvallig te raak. Die gevolg hiervan is die groeiende aantal naamchristene wat net 'n gedaante van godsaligheid het. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle Christene is, maar hulle volg 'n "ander Jesus" wat vreemd is aan die Skrifte en besig is om hulle van die ware Herder af weg te lei na die koninkryk van die Antichris.

Evangeliese Christene moet 'n baie sterk identiteitsbegrip hê van hulle posisie as lede van die liggaam van Christus of die "familie" van God. Ons is almal broers en susters van mekaar, omdat ons deur Jesus Christus kinders van ons hemelse Vader is. Ons is ook almal van dieselfde Gees deurdronge, daarom het ons op geestelike vlak baie noue aansluiting by mekaar, en veral ook 'n gemeenskaplike liefde vir mekaar. Ons eerbiedig nogtans ander strukture en realiteite in menslike samelewings, soos verskillende gesinne, families, volke en nasies – ook Godgegewe geslagsverskille. Ons beoefen dus 'n "eenheid in diversiteit" en is almal op pad na ons ewige tuiste waar daar geen sonde, vrese, spanning, wantroue en disharmonie sal wees nie.

Ons roeping is om nou al in hierdie gebroke wêreld die seën van volle heiligmaking deelagtig te word. Ons moenie vassteek by die eerste reiniging van ons sondes nie, maar die Here ook vir die vervulling met die Heilige Gees vertrou. Dit sal nie net van ons doeltreffende dissipels maak tydens die kerkbedeling nie, maar ook verseker dat ons gees, siel en liggaam onberispelik bewaar sal word tot by die wederkoms van Jesus Christus. Sodoende word ons onthef van die aanklag teen die dwase maagde dat hulle hul Christenskap op eie stoom, sonder die krag van die Heilige Gees, probeer beoefen het. Moontlik het hulle baie van hulle ywer vir die Here verloor toe die Bruidegom tot middernag getalm het om te kom, en die nag baie koud en donker begin raak het. Die Here Jesus het in sy profetiese rede gewaarsku teen negatiewe menslike reaksies wanneer toestande baie ongunstig en goddeloos sal raak: "En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Matt. 24:12). Dit moet

egter nie gebeur nie, want terwyl dié wat vuil is nog vuiler raak, moet die heiliges meer heilig raak (Op. 22:11). Ons moet nie huiwer om in ’n gepolariseerde situasie standpunt vir Christus in te neem nie, omdat eenheid met ’n vervallende wêreld ongewens en onmoontlik is.

Die wyse maagde is nogtans nie van alle blaam onthef nie, want hulle het saam met die dwase maagde aan die slaap geraak toe hulle moes waak en bid. Hulle was wel geestelik waardig toe hulle wakkergemaak is, maar dit is duidelik dat hulle wederkomsverwagting en kennis van die tekens van die tye nie op standaard was nie. Dit is so belangrik dat ons in hierdie tyd sal ag slaan op profetiese waarskuwings dat die tyd haas verby is en dat ons nou alles in die stryd moet werp om waaksaam te wees en aan die Here Jesus getrou te bly. Sodoende kan ons seker maak dat ons met die dinge van sy koninkryk besig gevind sal word wanneer Hy kom. Die aanskadu’s rek reeds lank en die tyd om vir die Here te werk raak min (vgl. Joh.9:4).

Indien ons die regte Bybelse toekomsverwagting huldig, sal ons ook die regte prioriteite in ons geestelike lewe bepaal. Ons sal ons daaraan toewy om die werk te doen wat die Here aan ons opgedra het, en deurentyd sorg dat ons geestelik rein en gereed is om voor die Bruidegom te verskyn. Ons het nie ’n Antichrisverwagting nie, maar ’n Christusverwagting. Ons hou ons dus nie nou besig met oorlewingstrategieë om in die donker dae van die verdrukking onder die Antichris te probeer oorleef nie, maar ons berei voor om in die hemelse ivoorpaleis voor die Koning van die konings te verskyn (Ps. 45:7-16).